**Sondag 24 April**

**Skrifgedeelte: Jesaja 29:15-24**
**Fokusgedeelte: Jesaja 29:15-16**

## Ons wik, maar God beskik

In die tyd voordat Nebukadnesar Jerusalem beleër het en hulle jongmanne en vroue na Babel weggevoer het, het Juda probeer om hulle eie veiligheid teen die Babiloniërs deur middel van diplomatieke bande te verseker. Om die aanslag wat uit die noorde kom, teen te staan, het hulle op Egipte vertrou om vir hulle ’n bondgenoot te wees.

Behalwe vir die profesieë oor Juda se afgodery, het Jesaja ook baie sterk teen hierdie vertroue op mense eerder as op God geprofeteer.

Die probleem wat die situasie in Juda nog vererger, is dat hulle dink dat hulle hierdie planne van hulle van die Here kan wegsteek, asof Hy hulle nie sien nie en hulle nie ken nie. Die vermaning wat Jesaja tot hulle rig, klink skerp in hulle ore. Hulle is verkeerd, want hoe kan die klei aan die pottebakker voorskryf hoe om hom te vorm? Die Here is die Skepper en die mens is die skepsel, en om te dink dat enigiets van Hom weggesteek kan word, ontken juis sy skeppingsmag. So ’n mens is siende blind en horende doof vir die almag van die Here.

Die wonder is dat dit nie altyd die geval sal wees nie, want die Here sal die oë van die blindes open en die dowes sal sy Woord hoor. Elkeen sal erken dat die Here in sy groot genade openbaar en dan sal sy Naam geheilig word.

Ons kan so maklik in ons eie verantwoordelikhede in hierdie lewe verval en dan sien ons nie altyd meer die groot werke van die Here in ons lewe nie. Hy het groot dinge aan ons gedoen deur aan ons die verlossing in Christus te skenk. Ons is klei in sy hande en deur beproewing en tugtiging vorm Hy ons na sy wil en welbehae.

Ondanks ons planne sal die Here sy raad uitvoer. Laat ons daarom bid dat God die Heilige Gees ons hart en verstand sal verlig sodat ons nie op onsself en ons planne sal vertrou nie, maar op Hom alleen.

*Sing: Psalm 139:1, 12 (1936)*

*Ds. C (Christiaan) Jooste (Wonderboompoort)*